7. Dankie, Jesus, vir my mond.

Doelwit
Om die peuters bewus te maak van hulle mond en Jesus daarvoor te dank.

Kernvers
Genesis 1:27 'God het die mens geskep ... '

Voorbereiding

Voorbereiding van tematafel
Bring onderstaande flitskaarte aan, pak voorwerpe uit en sit prente op aansteekbord:

- Eenheidstema: Jesus het my mooi gemaak.
- Kernvers: Genesis 1:27 'God het die mens geskep ...'
- Kerngedagte: Dankie, Jesus, vir my mond.
- Voorwerpe: Mengbak met houtlepel en koekdeeg (aangemaak), 'n pakkie versiersuiker, sout en 'n paar suurlemoene
- Aansteekbord: Peuters se foto's van vorige Ontmoetings en nuwes

Voorbereiding en hulpmiddels vir grootgroepbediening (GGB)

- Handpop
- Mengbak met houtlepel
- Suurlemoen

Voorbereiding en hulpmiddels vir kleingroepbediening (KGB)

- Lemmetjie jelliepoeier en suurwurms (suur)
- Strooisuiker en malvalekkers (soet)
- Soppoeier en kaaskrulle (sout)
- Werkkaart vir elkeen met prente van suigstokkie, suurlemoen en kaaskrulle in een kolom en prente van suurwurm, soutpotjie en koek in die ander kolom (Sien Aktiwiteitblad)
- Dik vetkryt
- Soet koekies

Notas

Ontvangs

Voorbereiding deur en van leiers

Die Grootgroepleier (GGL) en Kleingroepleiers (KGL's) moet ruim voor die Ontvangs van die kinders in die peuterlokaal wees om: 1) die lokaal finaal voor te berei (o a die uitstalling op die Tematafel en voorbereiding van die hulpmiddels), om self voorbereid te wees en 'n gevoel van rustigheid en veiligheid vir die peuters later te skep en 2) voorbidding vir die Ontmoeting te doen.

Ontvangs van kinders

Sorg dat daar vir julle gemeente 'n funksionele sisteem in plek is waar die ouers/ voogde hulle kinders met gerustheid kan afgee en later weer kan afhaal. Kleingroepleiers (KGL's) ontvang die peuters. Peuters wat meermale kom, bly t w v geborgenheid in dieselfde kleingroep.

Ontspanne spel

Kinders kies waarmee hulle wil speel. Laat daar dalk 'n paar plakboeke met kosprente wees wat hulle kan deurkyk.

Grootgroepbediening (GGB)

Verwelkoming en gebed

- Kry die peuters gemaklik op die mat om jou en maak hulle rustig. In die geborge atmosfeer kan daar nou met gebed geopen word.
- Verwelkom die peuters en wens die peuters geluk wat sedert die vorige Ontmoeting verjaar het.

Sang

- Twee of drie kort liedjies wat die kinders ken en lekker kan saamsing, kan nou gesing word.
- Leer ten slotte die vyfde vers van die temaliedjie, *Jesus het my mooi gemaak*, aan.

Boodskap

Poppespel

- **Aanbieder (A)**: Môre, Ellie, jy lyk so besig vanoggend dat jy eintlik vergeet om die maatjies te groet.'
- **Ellie pop (E)**: 'More Tannie (KGL se naam). More maatjies. Jammer jong, maar ek help vir Mamma om koekies te bak. Pappa verjaar en hy hou baie van die soet koekies wat Mamma maak. Mmm ... hulle is só lekker soet.'
-
- **Ellie pop (E)**: 'More Tannie (KGL se naam). More maatjies.

Notas

7. Dankie, Jesus, vir my mond.

Jammer jong, maar ek help vir Mamma om koekies te bak. Pappa verjaar en hy hou baie van die soet koekies wat Mamma maak. Mmm ... hulle is só lekker soet.'

- **A**: 'Oe, hoe lus is ek nou vir 'n soet koekie. (Haal suurlemoen uit.) Al wat ek hier het is 'n suurlemoen wat ek vir die kos moes koop.' (Laat Ellie aan die suurlemoen proe).

- **E**: 'Ag sies, dis so suur en dis nie vir my lekker nie! Ek wil liewer een van Mamma se soet koekies hê. O, ek sal moet gaan, want die koekies gaan brand! Ek bring vir Tannie een as hulle gaar is, hoor.'

- **A**: 'Dankie, Ellie, dit gaan baie lekker wees. Maatjies, ek is darem baie bly dat alles nie dieselfde proe nie. Ek is bly dat Ellie se soet koekie nie so suur proe soos die suurlemoen nie. Jesus het ons so gemaak dat alles nie dieselfde proe nie. Ons tonge sê vir ons wat ons proe. Jesus is darem baie slim om ons monde só te maak, né?. Hy is só goed vir ons.'

- Sing weer die temaliedjie.

Kleingroepbediening (KGB)

Aktiwiteit

- Groepeer die eetgoed volgens smaak, nl soet, suur en sout. Sit die lekkers, wat vir hulle bekende smake is, by die minder bekende 'poeiers'. Bespreek die smake. Laat hulle proe en voorkeure deel. Beklemtoon die feit dat dit Jesus is wat ons monde so gemaak het. Die lekkers kan natuurlik alles opgeëet word!
- Elkeen kry 'n werkkaart. Hulle verbind die prente wat dieselfde smaak uit die 2 kolomme met 'n lyn en neem dit huis toe om vir hulle ouers/ voogde te wys.
- Elkeen kry ook een van Mamma se lekker soet koekies.

Gebed

Dankie, Jesus, vir my mond. Amen.

Notas